

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: My skuilplek en beskutting

Skriflesing: Psalm 91

Broodjies vir die pad

"My library was -- all libraries are -- a place of ultimate refuge, a wild and sacred space where meanings are manageable precisely because they aren't binding; and where illusion is comfortingly real."

— André Brink

"We don't read and write poetry because it's cute. We read and write poetry because we are members of the human race. And the human race is filled with passion. So medicine, law, business, engineering... these are noble pursuits and necessary to sustain life. But poetry, beauty, romance, love... these are what we stay alive for."

— Walt Whitman, Leaves of Grass

"If you have men who will exclude any of God's creatures from the shelter of compassion and pity, you will have men who will deal likewise with their fellow men."

— Francis Of Assisi

"You have traveled too fast over false ground; Now your soul has come to take you back.

Take refuge in your senses, open up
To all the small miracles you rushed through.

Become inclined to watch the way of rain
When it falls slow and free.

Imitate the habit of twilight,
Taking time to open the well of color
That fostered the brightness of day.

Draw alongside the silence of stone
Until its calmness can claim you."

— John O'Donohue

"Oh, how one wishes sometimes to escape from the meaningless dullness of human eloquence, from all those sublime phrases, to take refuge in nature, apparently so inarticulate, or in the wordlessness of long, grinding labor, of sound sleep, of true music, or of a human understanding rendered speechless by emotion!"

— Boris Pasternak, Doctor Zhivago

"We are little flames poorly sheltered by frail walls against the storm of dissolution and madness, in which we flicker and sometimes almost go out...we creep in upon ourselves and with big eyes stare into the night...and thus we wait for morning."

— Erich Maria Remarque, All Quiet on the Western Front

"Whether one is rich or poor, educated or illiterate, religious or nonbelieving, man or woman, black, white, or brown, we are all the same. Physically, emotionally, and mentally, we are all equal. We all share basic needs for food, shelter, safety, and love. We all aspire to happiness and we all shun suffering. Each of us has hopes, worries, fears, and dreams.

Each of us wants the best for our family and loved ones. We all experience pain when we suffer loss and joy when we achieve what we seek. On this fundamental level, religion, ethnicity, culture, and language make no difference."

— Dalai Lama XIV, Toward a True Kinship of Faiths: How the World's Religions Can Come Together

"I was not sure where I was going, and I could not see what I would do when I got [there]. But you saw further and clearer than I, and you opened the seas before my ship, whose track led me across the waters to a place I had never dreamed of, and which you were even then preparing to be my rescue and my shelter and my home."

— Thomas Merton, The Seven Storey Mountain

"In everyone's life, there is great need for an anam cara, a soul friend. In this love, you are understood as you are without mask or pretension. The superficial and functional lies and half-truths of social acquaintance fall away, you can be as you really are. Love allows understanding to dawn, and understanding is precious. Where you are understood, you are at home. Understanding nourishes belonging. When you really feel understood, you feel free to release yourself into the trust and shelter of the other person's soul. This recognition is described in a beautiful line from Pablo Neruda: "You are like nobody since I love you." This art of love discloses the special and sacred identity of the other person. Love is the only light that can truly read the secret signature of the other person's individuality and soul. Love alone is literate in the world of origin; it can decipher identity and destiny."

— John O'Donohue

Mooi loop. ek spaar jou die ander clichés

Dana Snyman

Ons het mekaar nooit ontmoet nie, al het ons die afgelope vier maande enkele kilometer van mekaar op Yzerfontein gewoon, Johan.

Saterdagoggend toe Elzilda bel en vra of ek na jou toe kan ry om te kyk of jy orraait is, het ek geweet wie jy is. Oor die jare heen het ek die naam, Johan Liebenberg, by baie tydskrifartikels gesien.

Ons het gedink jy het Covid-19, maar toe jy uiteindelik die deur oopgesukkel kry, was dit taamlik duidelik jy het nie Covid-19 nie. Tannie Alida van langsaan het kom sê jy gaan al vir maande byna nêrens heen nie, jy is net in jou woonstel. Alleen. Moontlik bang vir die virus.

Dit het gelyk of jy 'n beroerteaanval gehad het. "Kyk of sy pupille ewe groot is," was Elzilda se raad oor die foon. "En vra hom om te smile."

Jou pupille was ewe groot, te groot. Ek is jammer ek het jou gevra om te smile. Hier kom staan ek voor jou waar jy uitasem in erge pyn sit, en sê: "Kan jy vir my smile, Johan? Asseblief. Smile."

Beroerte steel glo jou glimlag. Erge kankerpyne ook, weet ek nou.

Toe bel dr. Lindie en sê ons moet jou by die hospitaal kry, maar op 'n Saterdag sal jy nie gou 'n staatsambulans hier kry nie. Tannie Alida bring toe 'n matrassie, 'n kombens en 'n kussing om agterop my bakkie onder die kappie te sit vir jou om op te lê.

Moet ek jou nie help om 'n tassie vir die hospitaal te pak nie? vra ek toe vir jou. En jy wat sê: Jy sal self, en na jou kamer

skuifel. En terwyl ek vir jou wag, gaan staan ek voor jou boekrak en daar is hulle almal: Steinbeck, Ryszard Kapuscinski, Rilke . . . Ons sou lekker kon gesels het, Johan.

En toe jy uit jou kamer kom, het jy net 'n buisie Mentadent P-tandepasta in jou hand en om jou lyf, soos 'n gordel, 'n hond se ligbruin leiband gedraai. En toe ons wat met jou Vredenburg toe jaag en hulle wat jou op 'n trollie die hospitaal in stoot.

Ons kon darem vlugtig praat terwyl jy vir die dokter lê en wag het. Jy hoop nie ek loop die rugby mis nie, het jy gesê. Toe weet ek jy is 'n sagte man. Eers later het ek by Emile gehoor jou bynaam van skooltyd af was Liefie. Emile het my ook vertel hoe lief jy vir honde was. Daardie leiband om jou lyf was dié van Rilke, jou laaste hond wat dood is.

Ek sien jou daar lê met die leiband en jou groot pupille, asof jy reeds in die ander wêreld in kyk waarheen jy saam met Rilke op pad is: "Wie, as ek skreeu, sou my dan hoor vanuit die engeleke? En sê nou maar een van hulle druk my skielik vas teen sy hart . . ."

En Elzilda wat toe Sondagoggend laat weet jy is toe weg.

Jy was 'n joernalis, ek wil jou nie met cliché's belas nie. Baie mense sê mooi dinge oor jou. Jy het jou bynaam verdien. Mooi loop, my vriend.

(Die Rilke-versreëls is deur Henning Pieterse uit Duits vertaal.)

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/mooi-loop-ek-spaar-jou-die-ander-cliches-20210813-2>

Brood vir die pad

Kontoere van menslike toestand beliggaam

Jonathan Amid

Om alleen te gaan
Nicole Jaekel Strauss
QUEILLERIE, R280

Soos die gode dit sou bepaal, is Nicole Jaekel Strauss se eerste vollengteroman 'n absolute juweel.

Catarina (Cato) van Staden, Suid-Afrikaans, diep in die 50, 'n onderwyseres met 'n liefde vir leer, maar wat dikwels haar eie geselskap verkies, los haar man en volwasse kinders agter om 'n bootreis op die Nyl af te lê. Soos met Anne Michaels se epiese, peinsende *The Winter Vault*, is die vroulike hoofkarakter besig om verskeie traumas te verwerk – veral die verlies van lewe, van wat kon wees, staan op die voorgrond. Cato se oorlede geliefde, Rebecca, het eweneens 'n ongewone artefak agtergelaat wat 'n bepaalde verantwoordelikheid op Cato se skouers plaas.

Om alleen te gaan is dalk in die teken van verlies en verganklikheid geopen, maar is allermins voorspelbaar en strykdeur onthutsend. Daar is hope sjarme, selfs 'n aandoenlik speelse innemendheid. Aanhangers van die skrywer se briljante kortverhale behoort veel te vind om oor opgewonde te raak.

Naas Cato is Da'oud, wat in die VSA vir 'n paar jaar bekend was as David, maar nou die juk van die naam afgegooi het, een van die skrywer se mees gelaagde, gefolterde karakters op die boot, en tot op hede. Dele wat sy pyn en traumatiese verliese in die VSA karteer, is uitmuntend. Dalk nog treffender is die onmiddellikheid, intensiteit en outentisiteit waarmee *Om alleen te gaan* die onderdrukking, teenstand en konflikte van Egipte, sy land, aanbied. Sommige tonele kom so filmies verwoestend uit die verf dat jy na jou asem snak – en dan wil ween vir elke slagoffer van onderdrukking, elke enorme prys in die stryd teen onderdrukking en ellende.

Om die beurt word dit moontlik om die verskillende karakters – met uiteenlopende oogmerke en perspektiewe op reis, veral oor die reis deur Egipte en histories belangrike plekke en ruimtes – te leer ken. Karakters soos die gids Gihane of Gigi en fassinerende Russiese egpaar Orloff, Sasha en Natalya, wat gereeld in 'n speelse woordewisseling met mekaar betrokke raak. Sasha het oor alles en nog wat 'n uitvoerige (ingeligte) mening, praat ses tale (een van hulle is natuurlik die

taal van die liefde) en raak veral meegevoer oor die grootsheid en belang van die Russiese letterkunde: Daar is heerlike oomblikke wat wentel om die gees van die groot Russiese skrywers; wat Sasha oor Tsjehof se *Die seemeeu* te seg het, onder meer, maak dit die moeite werd om 'n oor te gooi.

Stories – agtergrondstories, verskillende intertekste, mites en opvattinge oor die Egiptiese gode en farao's, vele verwysings na die buitewêreld self en die stories wat deur die feilbare, onbetroubaar subjektiewe geheue self geskape word – word deel van 'n besinning oor die onaflegbare: verlies en die dood. Ek was so beïndruk met die wyse waarop die skrywer twee verhale wat die meeste lesers goed sal ken, Agatha Christie se *Death on the Nile* en Jan Rabie se "Drie kaalkoppe eet tesame", funksioneel by die verhaal betrek. Vir sommige karakters is dit die reis wat saak sal maak, vir ander die bestemming. Watter karakters in watter kamp val, is feitlik onmoontlik om tot reg aan die einde van die verhaal te bepaal – soos dit hier hoort.

Cato besef mettertyd dat sy slegs 'n medespeler in 'n groter opvoering is; dat sommige dele van die reis wel met vrug in die geselskap van ander voltooi kan word, maar dat niemand die las van jou pyn en trauma en jou verlies vir jou kan dra nie. En dat 'n klein Egiptiese klipskilpad se heenkome dalk nie die einde van jou pelgrimstog mag en sal wees nie.

Der laaste brokkie navorsing – uitvoerig, onberispelik, immer funksioneel en treffend by die verhaal-lae geïnkorporeer, dra iets by tot die stemming, diepte en karakterisering en tot die groter geheel. Soms, tussen hoofstukke, skep jy asem en staan verstom oor hoe presies die skrywer dit regkry om soveel lae van betekenis te suggereer, dog soveel aan die verbeelding oor te laat.

Konkrete, beeldryke indrukke wat tog ruimte laat vir verskillende interpretasies; toeganklik, dog gelaag. Skerp, vol humor en patos, dikwels met 'n helse angel; so sou 'n mens dalk die gestroopte poëtika van die roman se fragmente beskryf. Waar dink en voel alte dikwels in harmonie is, en die vele emosioneel uitmergelende, selfs skokkende oomblikke sonder sensasie geskets word.

In 'n roman waar daar soos ook met die kortverhaalbundels *Maal* en *As in die mond* 'n besonder sintuiglike ervaring vir die leser aangebied word en daar juis ook op kos en voeding en die belang van kos in terme van kultuur en godsdiens gefokus word, is dit geen verrassing dat 'n groot deel van die leesplezier ook daarin opgesluit lê om saam met die karakters op reis te eet en drink nie. Kleur en geur, ja, maar die funksionaliteit van die fokus op maaltye en kos stel die skrywer in staat om haar karakters almal saam aan tafel te kry, en stel jou in staat om fyn dop te hou. Elkeen op die boot sal hul gang gaan, maar elk veel van hulself en ander verklap terwyl liggaam en siel gevoed word. Die skrywer se vorige voorliefde vir vuur as simboliek maak hier plek vir water, onder meer.

Om alleen te gaan – onteenseglike bewys van die vermoëns om ook volkome as romanskrywer na vore te tree, en beslis nie bloot vir die literêre fynproewer geopen nie – is heel moontlik die soort roman wat vir vele 'n transformatiewe ervaring sal bied. Leesstof wat die alewige gedruis van die buitewêreld vir 'n klompie ure sal stil; prosa wat in enkele sinne die oog vogtiger laat, die hart bekleem en uiteindelik 'n bestemming oplewer wat die geheel in 'n nuwe, oorrampelende lig plaas.

Opnuut word die kontoere van die menslike toestand met buitengewone nuanse, treffende helderheid van taal en 'n omvattende empatie vir menslike swakheid en die brose beliggaam: lees *Om alleen te gaan* en beleef 'n onmiskenbare stem op volle toere. 'n Mens sien reeds reikhalsend uit na die volgende aflewering in die evolusie van Nicole Jaekel Strauss.

Jonathan Amid is 'n vryskuttaalpraktisyn en -resensent van Stellenbosch.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/boeke/kontoere-van-menslike-toestand-beliggaam-20211010>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877